LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

12-06-2017

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 21 VIR 2017

HOUDING / WAARDE:

VOLKIES SE WAARDES IS:

G - GELOOF
R - RESPEK
I - INTEGRITEIT
L - LOJALITEIT

1 **SKOOL VERDAAG TYE:**
Die skool verdaag vanaf 1 Junie tot 29 Junie 2017 om 13:00. Baie sterkte aan al die leerders wat eksamen skryf.

2 **NETBAL**:
Baie geluk aan die 0/10 spannetjies wat 4de geëindig het tydens die Sedibeng uitspele.

3 **RUGBY:**
Baie sterkte aan die Eerstespan seuns wat Woensdag in die semi-finale speel te Dr Malan in Meyerton.

4 **KOOR**:
- Die Juniorkoor oefen Maandag vanaf 13:15 tot 14:00.
- Die Seniorkoor oefen eers weer op Woensdag, 28 Junie, gewone tyd.

5 **EISTEDDFODS:**
HEIDELBERG:
- Die Heidelberg Eisteddfod vind plaas vanaf 7-19 Augustus by Heidelberg Public School.
- Kunsstukke word ingehandig op Vrydag, 4 Augustus by Juffrouens Helanie of Lizelle.

SUIKERBOSRAND:
Suikerbosrand tye en datums is laasweek uitgegee, indien daar nie 'n briefie ontvang is nie, laat weet asb vir Juf Lizelle (Graad R-3) of Juf Helanie (Gr 4-7). Wanneer kinders klaar deelgeneem het, moet die bewyse (sertifikaat en ripliek) vir Juf Lizelle (Gr R-3 en Juf Helanie (Gr 4-7) getoon word om nodige kultuurpunte te kan verdien.
Afsnydatum vir alle uitslae is 15 Junie 2017. GEEN LAAT UITSLAE word in ag geneem nie.

6 **KULTUURAAND 2018**:
Kultuuraand 2018 trek 'n nuwe baadjie aan. Die kunstenaar is Coenie de Villiers. Die funksie word by Lezar Opstal gehou. Daar is slegs 400 kaartjies beskikbaar. Hou die Omsendbriewe dop - ons sien uit om julle deel te maak van 'n onvergeetlike aand.

7 **VADERSDAG WINTER KARNAVAL:**
Op 16 Junie word daar by die Blou Lindt vanaf 09:00 - 14:00 'n heerlike winter karnaval gehou. Bring die familie en kom geniet die dag. Die adres is: 96 Zuid Straat, Rensburg. Daar is inkleur kompetisie, treintjie rit, springkasteel, sand art, kos stalletjies, geskenk stalletjies en vele meer. Stalletjies is nog beskikbaar. Vir meer inligting kontak 0826105099 of 0828978197.

8 **OUERAAND**:
Ons deel rapporte uit op Donderdagaand, 29 Junie vanaf 17:00 tot 19:00.

9 **TEKKIE-DAG:**
Ons hou tekkie-dag op 23 Junie 2017. Leerders kan hul plakkers koop @ R10 by hul registerklas en kan dan op dié dag hul tekkies en gewone klere aantrek.

10 **VOLKIE NUUSBULLETIN:**
Alle artikels vir die Volkie Nuusbulletin moet voor of op 19 Junie aan Heléne by helenebotha@laervolkskool.co.za gestuur word.

11 **HOKKIE-KLINIEK:**
Ruan van Sittert bied hokkie ontwikkeling aan vir spelers van 10 jaar en ouer. Indien u belangstel om u seun/dogter te help om basiese tot gevorderde vaardighede aan te leer, kan u hom gerus kontak by 0725830752. Sessies is 60 minute en koste per sessie is R100 per speler.

12 **SNOEPIE**:
Die snoepwinkel sal Woensdag, 14 Junie, Jantjies verkoop en Donderdag, Pizza @ R10. Plaas asb jou bestelling vroegoggend by Tannie Cindy.

13 **NEEM KENNIS - VANUIT DIE HOOF SE KANTOOR:**
Daar is tans talle gerugte wat die rondte doen. Vanaf kinders wat gesteel is tot verdagte persone wat kinders agtervolg, word daagliks in die gemeenskap versprei. Dit is 'n ontsettende gevaarlike gewoonte. Afgesien van die feit dat dit die gemeenskap se moraal ondermyn, plaas dit 'n geweldige druk op die SAPD asook ander veiligheidstrukture. Wanneer daar werklik iets gebeur, is almal traag om dadelik te reageer as gevolg van die vals gerugte wat versprei word. Dit neem ook noodsaaklike mannekrag om te onderskei tussen die werklike feite en vals gerugte. Indien daar werklik iets gebeur sal die skool die nodige feite dadelik met ons gemeenskap kommunikeer deur SMS stelsel asook eposse. Ons dra werklik die veiligheid en belange van ons kinders op die hart.

Volkie vriende trust het 'n motor vir die skool geborg. Groot waardering vir die wonderlike gebaar. Die motor is geregistreer in die Trust se naam maar is beskikbaar vir die personeel om vergaderings en werkswinkels wat gewoonlik in Johannesburg of Vereeniging plaasvind by te woon. Baie dankie vir die gesindheid.

Daar was talle versoeke van ouers om vir die leerders ekstra geleentheid te bied om in die middae hersiening, in veral wiskunde, te ontvang. Ons het die geleenthede gereël en die onderwysers beskikbaar gestel. Daar het egter slegs 2 leerders opgedaag vir die geleenthede. Dit is baie belangrik dat ons as rolspelers mekaar se hande sal sterk tot voordeel van ons kinders.

Volkiegroete

P. STRYDOM: HOOF